

## DIE BETEKENIS VAN KOLOSSENSE 1:15-20

Vertrekpunt: En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die een, waaragtige Elohiem, en Y'shua die Messias wat U gestuur het (Yahuganan 17:3)

Hy (Messias) is die Beeld van die on sienlike Elohiem (15)

"beeld" = "eikon" = "likeness, image, representation, resemblance"

Beteken nie dieselfde as "dieselfde" of "gelyk aan" nie " "eikon" kom 23 keer in M.G. voor en het nooit die betekenis van "is gelyk aan" nie, byvoorbeeld: Keiser se beeld op muntstuk; die man (mens) as die beeld van Elohiem; die dier en sy beeld wat nie aanbid mag word nie, ens.

D.w.s. "eikon" is 'n verteenwoordiging wat duidelik onderskeibaar van die oorspronklike is.

Die Vader is Elohiem " daarom word die Vader nooit die beeld van Elohiem genoem nie.

Y'shua het egter met sy lewe die Vader aan ons kom "demonstreer" " op só 'n wyse dat Hy kon sê: "Wie My gesien het, het die Vader gesien" (Yahuganan 14:9).

die Eersgeborene van die hele skepping (15)

Beteken nie: eerste een in die hele skepping wat gebore is nie, maar: "eersgeborene" in die sin waarin die Skrif normaalweg hierdie woord gebruik: "hy wat voorrang geniet onder diegene wat gebore is (insluitend voorregte wat met erforsie te make het) " gewoonlik die oudste"

So een het sy Vader verteenwoordig, maar dikwels ook sy broers en susters.

Daar is heelwat voorbeelde waar die "eersgeborene" nie noodwendig die oudste was nie, of waar die oudste hierdie "reg" verbeur het.

"Ja, Ek sal hom 'n eersgeborene maak, die hoogste onder die konings van die aarde" Ps 89:27

Skrif noem twee wat spesifiek "Seun van Elohim" genoem word: Eerste Adam (wat die reg as eersgeborene verbeur het) en laaste Adam (wat deur Vader as nuwe eersgeborene verklaar is) in (Gr. "en") Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is (16).

KJV: "by Him all things were created" " Griekse voorsetsel "en" beteken normaalweg "in" maar kan ook soms "deur" of "vanweë" beteken (sien Mark 14:27 "You will all be offended because of Me")

Op meer as 50 plekke in die Skrif staan daar duidelik dat Yahweh (alleen) die Skepper van die hemel en aarde is (Het ons nie almal een Vader nie? Het een El ons nie geskape nie? " Mal 2:1) Dus is dit duidelik dat hierdie vers nie die res van die Skrif kan weerspreek en sê "Alles is deur Y'shua geskep" nie.

alle dinge is deur (Gr. "dia") Hom en tot (Gr. "eis") Hom geskape (16).

Hierdie sinsnede sluit aan by bogenoemde: Alles is "in" ("en") Hom en "deur" ("dia") Hom en "tot" ("eis") Hom geskape " "dia" beteken nie "deur" in die sin van "oorsprong" nie , maar "deur" in die sin van "rede" of "doel" " kan dus ook vertaal word met "ter wille van".

Tot Hom ("eis auton") " Hy is die Een waarop dit alles afstuur en wat die vervulling van alles sal wees.

Hy is voor (Gr. "pro") alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand (17).

Beteken nie noodwendig "Hy het voor alle dinge bestaan" " Griekse voorsetsel "pro" kan met tyd, plek of posisie te make hê " in hierdie geval: posisie, d.w.s. voorrang.

Y'shua (as eersgeborene) geniet die voorrang " Hy gee ook sin en betekenis aan alle dinge.

Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente;Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees (18).

Nuwe perspektief: "Eersgeborene uit die dode" " Hoof van die liggaam (gemeente) " dit waarin Hy die eerste of die eersgeborene is, het veral met die nuwe skepping te make " daardie bedeling wat 'n realiteit geword het, nadat Hy uit die dood opgestaan het.

dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon (19).

Beteken nie Hy is Elohiem nie (2 Kefa 1:4 sê die gelowiges word ook deelgenote van die natuur van Elohiem), maar sluit volledig aan by wat in voorafgaande gedeelte oor Hom gesê word: voorrang en uitverkore posisie in die (nuwe) skepping van Elohiem.